BLOEMFONTEIN BAPTISTE

**Datum:** ____________________

# Groter, Beter, Dieper – Verhoudings (Deel 3)

**Romeine 12:1**

Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is.

## 1. Bou Dieper verhouding met God

**Matteus 22:37-40**

Jesus antwoord hom: " 'Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel' en met jou hele verstand. 38Dit is die grootste en die eerste gebod. 39En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.' 40In hierdie twee gebooie is die hele wet en die profete saamgevat."

**Matteus 5:3**

"Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel.

**Filippense 2:1-2**

***1Aangesien julle die troos in Christus ondervind het, die aansporing deur die liefde, die gemeenskap deur die Gees, die innige meegevoel en meelewing***
– 2maak dan nou my blydskap volkome deur eensgesind te wees: een in liefde, een van hart, een in strewe.

**Romeine 12:1**

1En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as **lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is.** Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen.

## 2. Respekteer God se riglyne vir gesonde verhoudings

- Bou mekaar op!

**Kolossense 3:8-10**

Maar nou moet julle al hierdie dinge laat staan: woede, haat, nyd en gevloek. Vuil taal moet daar nie uit julle mond kom nie, 9en moenie vir mekaar lieg nie. Julle het met die ou, sondige mens en sy gewoontes gebreek 10en leef nou die lewe van die nuwe mens, wat al hoe meer vernuwe word na die beeld van sy Skepper en tot die volle kennis van God.

**Spreuke 11:3**

Die opregtheid van eerlike mense bepaal hulle koers; die valsheid van onbetroubares bring hulle ondergang.

- Vergewe mekaar!

**Kolossense 3:13**

12Julle is die uitverkore volk van God wat Hy baie liefhet. Daarom moet julle meelewend, goedgesind, nederig, sagmoedig en verdraagsaam wees. 13Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe.

- Hê mekaar lief, bo alles.

**Kolossense 3:14-15**

Maar beklee julle, bo en behalwe al hierdie dinge, met die liefde, wat die band is wat alles volmaak saambind. 15Verder, laat die vrede van Christus in julle harte regeer. As lede van een liggaam, is julle juis daartoe geroep. En wees dankbaar.

## 3. Bou Sterkte verhoudings met ander.

- Spandeer meer tyd saam met mekaar

**Matthew 7:12**

"Alles wat julle dan wil hê die mense aan julle moet doen, doen ook julle net so aan hulle; want dit is die kern van die Wet en die Profete." Maak die beste gebruik van elke geleentheid

- Neem initiatief

**Romeine 12:10**

10Betoon hartlike broederliefde teenoor mekaar; bewys eerbied teenoor mekaar en wees mekaar daarin tot voorbeeld.

- Deel Jesus met ander

**Johannes 1:35-42**

…41Daarna het hy eers sy broer Simon gaan soek en vir hom gesê: "Ons het die Messias gekry!" Messias beteken Christus.
42Hy het hom na Jesus toe gebring. Jesus het stip na hom gekyk en gesê: "Jy is Simon seun van Johannes; jy sal Sefas genoem word." Sefas beteken dieselfde as Petrus.

**1 Konings 19:11-12**

… En na die vuur was daar 'n fluistering in die windstilte.

Here help my:

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

*Alle verse uit AFR83 behalwe as anders verwys*